ELI Group

FABASA

NALATENSKAP gaan nie net oor wat ons VIR ons kinders nalaat nie, maar veral ook oor wat ons IN ons kinders nalaat.

Familieonderneming – ELI GROUP, is 'n kollleksie van landbouverwante mense en ondernemingsontwikkelingsmaatskappye wat deur Leon & Elsabe Diederichs gestig is.

Die familieonderneming is gewortel in die ontwikkeling van leiers vir die landbousektor, die ontwikkeling van voorsieningsgeleenthede vir nuwe boerderye toetreders en die verskaffing van ondersteuningsdienste sodat hulle winsgewend en volhoubaar kan wees.

Die fokus om waarde vir toetreders te ontsluit lei ook tot die vestiging van agri-verwerkings- en verspreidingseenhede.

OPVOLGING deur die oë van 'n OPVOLGER

André Diederichs & Leonard Diederichs

FAMILIEONDERNEMING- WENKE

In die vorige nuusbrief was die boek, NALATENSKAP, bekend gestel. Die Diederichs-familieonderneming speel 'n rol in die boek. In hierdie artikel voer ons 'n onderhoud met Leonard Diederichs, van die ELI Group (familieonderneming), oor die pad van Opvolging wat hy moes stap.

Opvolgbeplanning is 'n uitdagende kwessie vir familieondernemings regoor die wêreld. Die gladde en suksesvolle oordrag tussen generasies is die sleutel om die volhoubaarheid van 'n familieonderneming te verseker.

KOM ONS LEER BY LEONARD.

VRAAG

Leonard, jy het jou ouers opgevolg as leier van julle familieonderneming. Verduidelik asseblief vir ons watter rolle jy alles moes vertolk by julle familieonderneming vandat jy betrokke geraak het tot nou toe.

ANTWOORD

Aan die begin was almal altyd "all hands on deck." Geen takies was te klein of minderwaardig nie. Jy het gedoen wat nodig was om die besigheid te bou. Soos wat die besigheid gegroei het, en ons meer stabiliteit begin verkry het, het ons rolle nader begin beweeg aan elkeen se sterkpunte. Myne is meer "frontline" werk soos bemarking, navorsing en besigheidsontwikkeling. Ander familielede het weer meer talente gehad vir administratiewe werk en om verhoudings te bou. Wanneer my kinders eendag reg is om ook betrokke te raak, sal hulle ook onder begin om al die aspekte van die besigheid en sy mense te leer ken. Werksetiek en aanpasbaarheid is belangrik en dit moet aangeleer word van die leiers en kollegas in die familieonderneming.

VRAAG

Leonard, wanneer dink jy is kinders gereed om leierskap oor te neem.

Hoe weet die ouers /familie en jy dat jy nou gereed is?

ANTWOORD

Kinders moet vir ’n geruime tyd onder mense werk wat die kultuur en sisteme van die besigheid verstaan en toepas. Die Sakeonderneming is suksesvol as die sisteme jou toelaat om ’n produk of diens teen goeie kwaliteit, wins en op ’n volhoubare manier te produseer.

Wanneer die besigheid se kultuur homself begin manifesteer in die kinders, en hulle benadering tot die sisteme in lyn is met wat die bestaande leierskap vereis, dan is hulle reg om beheer oor te neem. As die ouers nie die kultuur wat hulle gebou het, in die kind se handelinge kan sien nie, en die kind kan nie binne die sisteem handel nie, dan is die kind nie reg of gereed om oor te neem nie.

Leonard se manier van ontspan is om tyd langs die viswaters te spandeer.

VRAAG:

Leonard, jy het nou al ’n leiersrol in julle familieonderneming begin speel. Hoe word dit hanteer tussen jou en jou ouers dat hulle kan voel hulle het minder verantwoordelikheid maar terselfdertyd nie uitgesluit voel nie?

ANTWOORD:

Kommunikasie! Ons poog om elke oggend vir so 20 min saam koffie te drink om ’n platform te skep waar ek kan terugvoer gee oor waarmee ons besig is en hulle raad kan vra oor dinge wanneer ek nie sekerheid oor besluite het nie. Ek dink ook dat dit belangrik is dat hulle op die Direksie aanbly, al is dit in ’n nie-uitvoerende hoedanigheid.

VRAAG:

Leonard, wat is die belangrikste lesse wat jy oor die jare geleer het, wat jy met die inkomende generasie sal wil deel?

ANTWOORD:

Doen so besigheid dat dit lekker is om saam te kan werk. Respekteer mekaar. Raak rustig en dink voor jy praat. Pas die gans wat die goue eiers lê op en moenie wanneer daar ’n goeie jaar is soveel nuwe dinge aanpak dat jy fokus verloor op die gansie nie.

VRAAG:

Leonard, wat sien jy as die grootse uitdaging vir die toekoms vir julle familie-onderneming en wat doen jy (julle) om dit aan te spreek?

ANTWOORD:

My ouers ondersteun ons kinders om ons sterkpunte en belangstellings uit te leef. Die besigheid het al ’n paar ongewone vertakkings bygekry, maar met die nodige passie, en as die wil daar is, kan enige iets werk.

Ek dink die wêreld verander baie vinniger vandag en kinders moet toegelaat word om die tendense te ondersoek en met voorstelle te kom waartoe hulle sien die “kaas skuiwe.” Hulle moet egter dan ook met detail en konkrete planne kom wat deurdink is voor hulpbronne op die nuwe projekte of idees spandeer word.

Meer detail oor die boek NALATENKAP kan verkry word op hierdie YouTube skakel: *https://youtu.be/l_Fcv9hDgmg*

Die boek kan op Naledi se webwerf bestel word by *https://naledi.co.za/product/nalatenskap/*